

Tema: So betrek die Heilige Gees volwasse gemeente van Christus by sy werk.

Voorlesing uit Skrif: Hand 13:1-5 en 14:21-28

“Toe hulle op keer bymekaar was om te bid en om te vas, het die Heilige Gees gesê: ‘Sonder nou vir Barnabas en Saulus vir my af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.’”

“Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan.”(Hand 13:2,3)

Twee weke gelede het ons gehoor van **die geboorte en groei** van die gemeente in Antiogië. Hfst. 11 eindig deur te vertel hoe hulle in liefde omgesien het na medegelowiges. Hfst. 13 getuig van volgende fase in die lewe van hierdie gemeente. Hulle is nou so **volwasse** dat die Heilige Gees hulle kan gebruik as **gemeente wat sendelinge aanwys en uitstuur. Hoe het dit gebeur?**

Die Heilige Gees gee die opdrag

Die leiersgroep se byeenkomste “om die Here te dien en om te vas” was na twee kante toe belangrik. Aan die eenkant was hulle vir die gemeente inspirerende voorbeeld en aan die anderkant vir die Heilige Gees bruikbare werkgroep.

Die Heilige Gees kies self die tyd en plek om sy werkers op te soek en uit te soek, maar omdat ons nie weet waar en wanneer dit sal gebeur nie, moet ons altyd biddend wag op sy opdrag. Ons moet leer om biddend op Hom te wag.

Die opdrag raak almal

Die leiers het dit nie stil gehou nie, maar met die gemeente gedeel. Daar word nie gesê presies wie “hulle die hande opgelê het” nie, maar uit Hand 14:26 en 27 is dit duidelik dat hulle almal deel gehad het daaraan om vir Barnabas en Saulus “aan die genade van die Here” op te dra.

Wanneer gemeente die opdrag van die Heilige Gees ontvang, is die belangrik dat almal dit beleef en eer as prioriteit vir die gemeente se diens aan Christus.

Die uitvoering verg opoffering

As hier staan dat die gemeente “hulle laat gaan” het beteken dit vir ons begrip dat hulle “onthef” is van hulle gewone pligte in die gemeente om hulle aan nuwe taak te kan toewy. Daarvoor sal die gemeente self ook opofferings moet maak soos om met minder “profete en leraars” reg te kom en om reisgeld en ander uitgawes te dek.

By die afhandeling kry God die eer (Hand 14:27)

Die terugvoer wat die gemeente ontvang handel oor “wat God alles deur hulle (die gestuurdes) gedoen het”. So ontvang God die eer en die werkers ruskans.

Voorbereiding vir volgende Sondag.

Lees asb. **Kolossense 2:1-23**. Dit lyk moeiliker as wat dit is, maar die volgende vrae kan dalk help.

Met watter drieledige doel bearbei Paulus die gelowiges (v 1)?

- 2a.....
- 2bi.....
- 2bii.....

Wat sal die resultaat hiervan wees? (“sodat...)

2biii en 3.....

Waarteen waarsku hy die gelowiges? (v 8a)

.....

Wat is fout met hierdie leringe? (v 8b)

.....

Wat beskou jy as “wettiese godsdienstige reëls” (’83-vert) of dan “eerste (elementêre) beginsels van die wêreld”(’53-vert)?

.....

Waarom is Christus heeltemal anders as die “elementêre” godsdienste van hierdie wêreld? (v 9)

Watter voordele dit inhou vir dié wat in Hom glo (verbonde is aan Hom).

Ons deel in sy v..... (v 10)

Ons deel in sy b.....(v 11)

Ons is saam met Hom b.....(v 12a)

Ons is saam met Hom o.....(v 12b)

Ons was geestelik d....., maar nou l..... ons (v 13)

Aan wie is dit te danke?v 14-15)

Waarom voorskriftelikheid nie by ons godsdienste pas nie.

Wat was die doel van die voorskrifte van die Ou Testament (v 16)?

Antw:(v 17)

Wat doen die misleiers verkeerd (v 18a)?

Antw:.....(v 18b en 19)

Wat is die probleem met al die voorskrifte wat hulle probeer navolg (v 20,21)?

Antw:.....(v 22,23)

Wat kan ons hieruit leer en watter bemoediging hou dit vir ons in?

.....